N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 13 September 2020

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: Matteus 18: 21-35

Tema: Hoekom is dit so moeilik om te vergewe?

21. Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?

22. Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.

23. Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan.

24. Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het.

25. Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word.

26. Die man het voor hom neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.'

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

27. Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.

28. ”Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: ‘Betaal wat jy skuld!’

29. Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.’

30. Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het.

31. ”Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel.

32. Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: ‘Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het.

33. Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?’

34. Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.

35. ”So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

- **Gemeentelike kommunikasie en eredienste**

Die kerkraad sal so spoedig moontlik na die 15 de September 2020, nadat die jongste besluite rakende die ramptoestand en gepaardgaande inperkings deur die regering aangekondig is, vergader om te besluit wanneer eredienste in die kerkgebou hervat sal kan word. Hou asb. in gedagte dat onder vlak 2 van inperking slegs 50 mense per diens geakkommodeer mag word asook ander maatreëls bv. dra van maskers, sosiale afstande ens. ens.

Eredienste is wel op ons digitale media op die verskillende platforms beskikbaar.

Die virtuele erediens van 13 September 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/HMZjLDSEwQc

Facebook live

https://www.facebook.com/watch/?v=280733377953524 8&extid=2nZOeMEH5IsmGJzF

en net vir die klankbaan op “Soundcloud”

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-virtuele-erediens-13-sept-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Baie geluk aan ons 70 - plusser wat die week verjaar:

Thea Fourie	19 September

<u>Voorbidding</u>

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Johan Coetzee van Prima Vera 7;
  - Alwyn Marais van Buitekantstraat 7;
  - Carolien Du Toit van Jakarandalaan 10; en
  - Anél Hugo van Bothastraat 25

Ons bid ook vir die volgende sake:-

- Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
- Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe,(die inperkings daar het die gemeentes swaar getref. Die gemeentes kon geen eredienste hou nie en toegang tot tegnologie is baie beperk.
- Die gemeentes is Bosnië beleef ook moeilike omstandigede.

- in die besonder die korona-virus pandemie.
  - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
  - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
  - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
  - o Vir al die gesondheidspersoneel; en
  - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

- **<u>Gemeentelike finansies:</u>**

  Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.
  Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente as volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek: 1006783962	Tjek: 1120580066

  Daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingegooi.

  Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.